Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Ses vir sameswering van renosterstropery gevonnis

05 June 2020 | Misdaad



1.

0 0 0

Francoise Steynberg – Ses Namibiese mans is verlede Woensdag in die Okahandja-landdroshof vir die sameswering om 'n renoster te stroop en die oortreding van die wet op vuurwapens en ammunisie gevonnis.

Hulle is Kandje Max Ngumbi, Kunouwa Seven Tjiposa Tjambiru en Lubasi Mufaya wat op 30 Desember in hegtenis geneem (saaknommer CR 162/12/2019) is, asook Riatoorora Ndiaombe, Uapenduka Tjatjitiruaije Ndiaombe en Uatenguainja Ngumbi wat op 17 Desember vasgetrek is (saaknommer CR 102/12/2019).

By die eerste drie is beslag gelê op een .303-jaggeweer en 31 patrone en by die laaste drie is twee jaggeweer en 44 patrone gekonfiskeer.

Ngumbi is tot 'n boete van N$80 000 gevonnis, waarvan N$40 000 opgeskort is of tronkstraf van 12 en 'n half jaar, waarvan 7 jaar en vier maande opgeskort is.

Tjambiru en Mufaya is met N$58 000 beboet, waarvan N$29 000 opgeskort is of gevangenisstraf van nege jaar, waarvan vyf jaar en ses maande opgeskort is.

Albei Ndiaombes is tot 'n boete van N$100 000 gevonnis, waarvan N$50 000 opgeskort is of 12 jaar tronkstraf, waarvan agt jaar opgeskort is. Albei is ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

Ngumbi is tot 'n boete van N$55 000 gevonnis, waarvan N$27 500 opgeskort is of twee jaar gevangenisstraf, waarvan een jaar opgeskort is.

Een van die beskuldigdes in die eerste saak, mnr. Sylvanus Fimanekeinge Shikambe, is vrygespreek.

- francoise@republikein.com.na